ADJUVANT

Power-Up®

Reg. Nr. L6463, Wet Nr. 36 van 1947

'n Vloeibare ammoniumsulfaat gebaseerde byvoegmiddel en water pH reguleerder vir gebruik met glifosaat en sulfosaat onkruiddoders.

Wat is Power-Up®:

Power-Up® is 'n hoë klas vloeibare ammoniumsulfaat gebaseerde byvoegmiddel en water pH reguleerder vir gebruik met glifosaat en sulfosaat onkruiddoders. **Power-Up®** bevat ook 'n benatter, herbevogtiger en versuringstelsels om die optimale spuitoplossing te verkry vir effektiewe onkruidbeheer.

Voordele van Power-Up®:

- **Power-Up®** komplekseer antagonistiese opgeloste soute uit die spuitoplossing uit en vorm 'n glifosaat-ammonium molekuul wat geredelik deur onkruide se blare opgeneem word.
- **Power-Up®** bevat 'n effektiewe herbevogtiger wat verdamping vertraag en sodoende opname van die aktiewe bestanddeel bevorder.
- **Power-Up®** bevat 'n effektiewe benattingstelsel wat benatting en kontak van die spuitneerslag met onkruide se blare verbeter.
- **Power-Up®** bevat 'n organiese versuringstelsel wat help om die spuitoplossing te buffer.
- **Power-Up®** verhoog die tempo van opname en translokasie van onkruidoder in die onkruid.
- **Power-Up®** verbeter die verenigbaarheid van onkruiddoder tenkmengsels (bv. glifosaat + MCPA).
- **Power-Up®** verbeter die aksie van glifosaat op onkruide se blaaroppervlaktes wat kalsiumstrukture bevat of alkalies van aard is.

Hoe word Power-Up® gebruik:

Gebruiksaanwysings - Gebruik slegs soos aangedui.

Waterkwaliteit:	Toedieningshoeveelhede:
Goeie pH 6-7; EC 0-500µS/cm	1% (1 ℓ/100 ℓ Water)
Gemiddelde pH 7-8; EC 500-1000µS/cm	1.5% (1.5 ℓ/100 ℓ Water)
Swak pH >8; EC >1000µS/cm	2% (2 ℓ/100 ℓ Water)

- Meng **Power-Up®** met die spuitwater voordat die onkruiddoder bygevoeg word.
- Voeg die onkruiddoder altyd laaste by.
- Moet nie ander byvoegmiddels of benatters by die spuitmengsel voeg nie.
- Verwys altyd na die etiket van al die landbouchemiese produkte wat in 'n tenkmengsel met **Power-Up®** gebruik sal word.

Waar word Power-Up® gebruik:

- Gebruik met alle glifosaat of glifosaat bevattende tenkmengsels.
- Ten spyte van goeie waterkwaliteit, sal byvoeging van **Power-Up®** die werking van glifosaat onkruiddoders verbeter.

KOMPLEKSERING VAN SOUTE

HERBEVOGTIGER

BENATTING / VERSPREIDING

TRANSLOKASIE

*Sien etiket vir verdere instruksies en inligting.

Rolfes Agri (Pty) Ltd (Reg. No. 1998/013411/07)
288 Mundt Street, Waltloo, Pretoria
Tel: (012) 803-0145 • Fax: (012) 803-8418

Rolfes Agri